

Aäron

1



Vorbereide leeswerk vir die aanbieder

Eksodus 4:13 – 5:2



Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Werkkaart van Moses met die gebooië

Skêre, gom en inkleurkryte

Melkbottel lekkertjies

Bolletjies wol (vir elke groep 1 bolletjie)



Lesinhoud

Moses het 'n broer met die naam Aäron gehad. Hy was 'n Leviet, wat beteken het dat hy van die priesterstam van Israel af was. Die Here het geweet Aäron kon mooi praat en Hy het hom gestuur om Moses te help om met die leiers van Egipte te praat oor die Israeliete. Aäron het sy broer Moses bygestaan deur al die plaë in Egipte en ook toe hulle uiteindelik kon trek deur die woestyn.

Terwyl Moses in die woestyn op die berg Sinaï geklim het om met die Here te praat, het die Israeliete ongeduldig geword vir Aäron gesê: "Maak vir ons 'n nuwe goddathyonskan lei." Die volk het gedink Moses is dood of het net verdwyn op die berg, omdat hy solank geneem het om terug te kom. Aäron het hom laat oorreed en vir die Israeliete gesê om al hulle goue ooringe vir hom te bring. Dit is gesmelt en 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf is toe gemaak.

Aäron het 'n altaar vir die beeld gebou en gesê dat daar die volgende dag 'n groot fees vir die kalf sou wees. Op die berg het die Here vir Moses vertel wat besig was om te gebeur en Moses is aangesê om vinnig terug te gaan. God was baie vies oor die Israeliete 'n afgod aanbid het en Hy wou die hele volk vernietig. Moses het egter by God gepleit om die Israeliete te vergewe.

Toe Moses naby die kamp kom en die kalf en die dansers sien, het hy woedend geword die twee plat klippe met die 10 gebooië op, wat in sy hande was, flenters teen die grond gegooi. Daarna het Moses die goue kalf in die vuur gegooi. Hy het dit tot stof laat verbrand, die stof op water gegooi en die Israeliete die water laat drink.

Moses was ook baie vies vir Aäron. Hy het by die ingang van die kamp gaan staan en gesê: "Wie vir die Here is, kom hierna my toe!" Aldie Leviete (wat Israeliese priesterstam was), het toe by Moses kom staan.

Israel is gered en hulle het weer gehoorsaamheid aan die Here beloof.



Vragies vir slim oortjies


- Waarvanisdiekalfgemaak?
- HoekomwoudieIsraeliete'nnuwegodhê?
- WiewasAäronseboetie?



Tydlyn van Israel

Aäron is Moses se broer en Israel se eerste priester. Ons vind hom op die tydlyn (1225 v.C) waar Israel trek van Egipte na die beloofde land.

Kom ons soek AäRON se plekkie op die tydlyn van Israel.



Besprekingspunte

- HoekomvoelditsomsvironsasofGoduitonslewenswegis?
- Hetonsvandagnogafgode?Sooswat?(afgodeisgoed/dingewatjouweghouvan God af, soos sport, inkopies, geld ens).



Lewensles

'n Afgod is enige iets wat vir ons belangriker geword het as Jesus. Ons mag in hierdie lewe geen afgode hê nie!



Ons gebed vir vandag

Liewe Here Jesus, soms laat ons onself ompraat deur vriende om slegte dinge te doen. Asseblief maak ons sterk in ons geloof.
Amen



Idees vir VET pret

Melkbottel lekkertjies (om ons te laat dink aan die kalf wat Aäron gemaak het)



Kreatiewe aktiwiteit

Terwyl Moses op die berg was om die 10 gebooiete ontvang, het Aäron die volk gelei. Kom ons plak vir Moses met die 10 gebooië in sy hande. Knip die prentjies uit en plak dit vas om soos die eindproduk te lyk.



Vers vir die week







Eksodus 4: 15(b)
"EksalbyjouweesasjypraatenbyhomashypraatenEksaljulleleerwatomtdoen."



Net vir die lekker

Die klas word in spanne verdeel. Bolle wol wat ewe lank is word aan elke groep gegee. Die eerste ou moet die bol wol afrol en die tweede ou moet dit weer oprol. Daarna word dit so aangestuur. Die aksie word herhaal tot by die laaste speler. Die groep wat eerste keer klaar is, wen.

Aäron



Aäron

